# 22 Maart 2024 - Lesing 268 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Liefde en lyding ontslak die siel – 1/3/62

**NO: 8113** Die liefde moet die aansporing wees vir al julle doen en late en dan sal julle steeds volgens My wil handel. Julle moet in liefde werksaam wees en sal daardeur ook krag verkry wat julle siel nodig het vir julle lewensweg op aarde.

Die siel moet heeltemal ryp word, dit wil sê **sy moet alles afstoot wat haar groei nog beswaar,** want **sy moet ligdeurlatend word** om die ligstaling van My liefde te kan opneem wat vir die siel krag en geluksaligheid beteken.

Die straal van My Liefde kan egter nie deurdring wanneer die siel nog deur digte omhullings omgewe is nie, **deur onsuiwere begeertes en luste, deur allerlei slegte gewoontes, deur onedele eienskappe soos hoogmoed, toorn, wraaksug en harteloosheid op alle gebiede.**

Al hierdie slegte gewoontes en begeertes moet die siel poog om van haarself af te stoot en **die middele daartoe is liefde en leed.** Deur te werk in liefde los die aanklewings op en ook deur leed word die siel daarvan bevry en kan sy steeds meer aangestraal word deur My Liefde en rypword, totdat sy heeltemal ligdeurlatend geword het en **nou ook die dood nie meer hoef te vrees nie,** omdat sy nou die ligryk kan binnegaan, omdat haar gang oor die aarde nie tevergeefs afgelê was nie, omdat sy haar **doel bereik het** op aarde: **Die omvorming tot liefde.**

En daarom sal julle kan begryp dat My gebooie van liefde die vernaamste is, dat hulle vervul moet word, dat julle wandeling op aarde 'n wandeling in liefde moet wees, indien dit vir julle sukses moet oplewer.

Julle is slegs op aarde met die doel om julle siel te laat rypword, wie by die begin van haar beliggaming as mens nog sonder liefde is – **ofskoon Ek haar 'n vonk liefde toegevoeg het** wat in haar kan ontbrand en haar nog onvolmaakte toestand kan verander todat sy digby volmaaktheid kan kom.

Maar die mens moet ook die wil daartoe oplewer om in die liefde te lewe. Hy moet na die innerlike stem luister wat hom onophoudelik aanspoor om in die liefde werksaam te wees. Hy moet werke van liefde verrig, anders sal sy wil nie verander nie, **maar die siel sal al haar lae eienskappe behou** en die gevaar is dan dat sy heeltemal nie rypgeword die geestelike ryk moet binnegaan, wat soveel beteken as: **Dat sy daar nog kwellinge wat haar gaan louter moet deurgaan** om eens die geluksaligheid te kan geniet.

Slegs liefde kan haar van alle onsuiwer eienskappe verlos, slegs liefde sal haar laat kristalliseer en sy sal alle afvalstowwe van haar afwerp. Of sy sal baie leed op haarself neem gedurende haar aardse lewe, wat ook die siel die rypwording kan oplewer, omdat sy dan sagter word en langsaam ook die liefdesvonk in haarself kan laat ontbrand en liefde en leed nou kan saamwerk en die rypwording van die siel tot stand bring. **En altyd moet die mens die eieliefde ter syde skuif en aan die naaste liefde gee**. Dan sal sy verandering baie vining gebeur, **want die onbaatsugtige naasteliefde is eers die goddelike liefde wat Ek verlang,** waartoe die siel haarself moet verander in haar gang as mens oor die aarde wanneer sy die ewige lewe wil bereik.

En daarom moet My goddelike gebooie van liefde steeds as vernaamste na vore gebring word, want slegs die liefde het krag om te verlos, slegs die liefde sal die omvorming van die siel tot stand bring. Slegs deur werke van liefde sal sy ryp word en helder en deursigtig sodat die straling van My liefde nou geen hindernis meer ondervind nie, sodat Ek haar nou gelukkig kan stem soos in die allereerste begin, omdat sy deur die liefde **die aaneensluiting met My vind, want die sin en doel is van haar lewe op aarde**. Amein.